SKRYFBEHOEFTES - 2021

GR 2 - 2021

Geagte Hendrik Louw-ouer/s

Laerskool Hendrik Louw is trots op ons akademiese uitnemendheid en ons doen 'n beroep op ons ouers om ons te ondersteun in die handhawing van die huidige standaarde wat u nie by enige ander skool in die Strand sal vind nie --- Hoe kan u ons help: stuur ASSEBLIEF u kind skool toe op die 1ste skooldag (27 Januarie 2021) met kartonhouer-items wat u by PNA Strand Square aangekoop het, en maak ook seker dat u kind al die items op die "ekstra" lys by hom/haar het.

Wanneer u instap by PNA Strand Square, enige tyd vanaf 4 Desember totdat die skool heropen, noem aan die winkelassistent/e van PNA :

- dat u 'n Laerskool Hendrik Louw-ouer is,
- die graad waarin u kind in 2021 sal wees,
- betaal die verlangde fooi,
- **kontroleer die inhoud van hierdie kartonhouer met die lys wat binne-in die houer sal wees, voordat u PNA verlaat – bespreek enige tekorte/verkeerde items met 'n PNA-winkelassistent.**
- bêre hierdie KARTONHOUER op 'n veilige plek by u huis – MERK asb. die kartonhouer aan die buitekant (slegs aan een kant)duidelik, NAAM &VAN,
- stuur hierdie KARTONHOUER skool toe op die 1ste skooldag,
- opvoeders sal die inhoud van hierdie kartonhouer bestuur en begin met onderrig,
- items in die kartonhouer wat nie op die 1ste dag gebruik word nie, sal gestoor word in 'n veilige plek by die skool en aan die leerder gegee wanneer hy/sy dit benodig deur die loop van die jaar.

Ons versoek dat elke ouer die PNA Strand Square besoek en die **Hendrik Louw KARTONHOUER met items** aankoop. Doen asseblief hierdie aankope so gou as moontlik en stoor dit op 'n veilige plek by u huis.

SOMMIGE GRADE HET 'N "EKSTRA LYS" – dit is items wat NIE in die PNA-boks sal wees nie. Ons versoek u om asb. dit by enige verskaffer aan te koop, slegs indien u kind nie reeds hierdie item/s het nie (lys aangeheg).

Moet asb. nie enige skryfbehoefte-items uit die boks verwyder nie. Die VOLLEDIGE inhoud moet asb. op die 1ste dag skool toe gebring word. **Merk asb. al die skryfbehoefte items soos bv. penne, Pritt, skêre, liniale ens. duidelik – asook die kartonhouer aan die BUITEKANT, slegs aan een kant (NAAM & VAN).** Werkboeke moet NIE gemerk word nie. **Geen boeke word oorgetrek nie** – alles sal in die klas gedoen word.

●●●●**BEHALWE – GRAAD RR & R: GEEN ITEMS MOET GEMERK WORD NIE – SLEGS DIE BOKS AAN DIE BUITEKANT.**

Leerders sonder die kartonhouers sal ongelukkig benadeel wees en dit maak effektiewe onderrig wat op die 1ste skooldag begin, baie moeilik. Ons wil graag hê dat alle leerders voorbereid, gemaklik en gelukkig is wanneer ons begin onderrig gee en werk. Indien ouers nie betyds aan hierdie billike versoek voldoen nie, sal u kind nie 'n baie gelukkige kind op die 1ste skooldag wees nie. Ons vra asseblief 100% ouer-samewerking in die verband. Baie dankie!

Die KARTONHOUER sluit items in wat spesifiek vir die graad gepak is (Die inhoud van elke graad verskil).

Die koste vir u as ouer sal wees: **R 517-00 (Vyfhonderd en sewentien rand)**

Hierdie kartonhouer sal beskikbaar wees by PNA – Strand Square vanaf Vrydag 4 Desember 2020

2021 SKRYFBEHOEFTES / 2021 STATIONERY LIST

GR 2 - EKSTRA LYS / EXTRA LIST

1	Stel Uitdraaikryte – 12's wax – Twisters / Crayons Retract – e.g. Bostic/Monami	Merk elke kryt afsonderlik/Mark each crayon separately.
1	Potloodsakkie – Pencil bag GEEN/NO "SPACE CASE" please!	Merk duidelik/Mark clearly
1	Rol plastiek om WKOD-boeke oor te trek / Roll of plastic to cover the WCED's books	
1**	Stoelsakkie (blou)	Merk duidelik/Mark clearly
1	Packet of wipes/Pak 'wipes'	
1	Skêr / Scissors	
1	A4 kleurpapier skryfblok / A4 Colour writing pad	
1	**R30** –**kontant** in 'n koevert met leerder se naam & van (gr 2) daarop / **R30 cash** in an envelope with learner's name & surname (gr 2) on it.	Binders word hiermee aangekoop deur die skool.

Notas/Notes:

** Stoelsakkie –vanaf gr 1. Was asb die sakkie gedurende die vakansie en bring eerste dag skool toe. Nuwe ouers koop asb. 'n stoelsakkie – moet pas op 'n gr.2 –stoeltjie. Moenie klaswerkboeke en plastiek-liaseersakkies merk nie – dit word in die klas gedoen.

** Chair bag – brought from gr 1. Please wash the bag during the holidays and bring to school on the first day. New parents must please buy a chair bag – it has to fit on a gr 2 chair. Please do not mark exercise books and plastic filing bags. This will be done in class.

ITEMS OP HIERDIE LYS WORD SLEGS AANGEKOOP INDIEN DIE LEERDER DIT NOG NIE BESIT NIE.

ITEMS ON THIS LIST ONLY HAVE TO BE BOUGHT IF THE LEARNER DOES NOT HAVE IT YET.